



Derde uitgawe
2017

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaesse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur.

Beste Bonsai Vriende

Pieter Loubser het al 'n paar artikels geskryf waarin hy ons mooi Afrikaanse taal aanhaal. Ek het woes gestoei, agv verskeie redes, om hierdie uitgawe van die Koeda klaar te kry. Terwyl ek so besig was met my stoeiery het gesegdes soos “van uitstel kom afstel” en “liewer laat as nooit” by my opgekom.

Wel, ek het gelukkig slegs aan die tweede voldoen, soos julle kan sien. Ek is so 'n maand later met die uitgee as wat ek gewoonlik is maar nou ja “liewer laat as nooit”.

Ek vra dus om verskoning aan Francois wat moeite doen met sy Kalenderartikel en wat onder andere die maand vertel wat ons in Julie moet doen. Nou is Julie so te sê verby. Francois, ons sal maar volgende jaar terugblaai na hierdie uitgawe en kyk wat ons in Julie

moet doen. Ek glo darem dit sal dieselfde wees as hierdie jaar.

Tydens eerskomende vergadering, 5 Augustus, gaan ons bome oorplant. Dit sê die winter is verby. Kan jy glo? “Watter winter”, hoor ek jou vra? Ja, ek het nie eers een keer ryp gehad die winter nie. Maar onthou, in 2012 het ons op 7 Augustus sneeu gehad in die suide van Pretoria...

Jaco

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Terugvoering demonstrasie	5
Meeting 29 April	6
Ongewone Bonsai bakke	19
Vergadering 3 Junie	23
Kalender	25
Snippets	26



Transplanting serves to renew the soil in the pot and provides the opportunity to shorten long roots, leaving space for the growth of the new roots.

Briewebus / Vra is Vry

Jaco

Ek het weer BRAT wat deur Pretoria Klub aangebied is, geniet. Die praatjies en demonstrasies was 'n wye verskeidenheid en ons kon almal iets leer. Sommige tegnieke wat gewys is, sal mense hopelik prikkel om self te eksperimenteer met werksmetodes.

My teleurstelling was weliswaar die hoeveelheid bome wat uitgestal is. Daardie deel van BRAT is waarna ek altyd uitsien.

Maar, dis altyd lekker saam met bonsai mense.

Dankie Pretoria Kai.

Pieter Loubser



Jaco

Ek het opgemerk dat die Kai se nuwe winkeltjie bloedmeel en karkasmeel verkoop. Dit is die eerste keer dat ek so iets sien vir gebruik vir bonsai.

Kan jy asseblief help. Waarvoor presies word dit gebruik? Dus, wat is die doel daarvan vir bonsai? Hoop jy kan help.

Groete

JL

Red: Ons het Francois, wat saam met Duvan die winkel bedryf, gevra om bietjie inligting te gee.

Bloedmeel vs karkasmeel

Bloedmeel is die byproduk van 'n slagpale. Die bloed wat gebruik word is meestal afkomstig van beeste. Dit is 'n uiters hoë bron van stikstof (N) wat stadig maar seker beskikbaar gestel word aan plante wanneer dit in die grond in gemeng word. Plante benodig stikstof aangesien dit noodsaaklik is vir fotosintese. Plante wat nie genoeg stikstof het nie, vertoon geel, verlepte blare aangesien hulle nie genoeg chlorofil produseer nie. Chlorofil is noodsaaklik vir plante om sonlig om te skakel in suiker en energie wat noodsaaklik is vir gesonde groei. Wees versigtig wanneer toegedien word; 'n oormaat kan die plante laat brand.

Karkasmeel is niks anders as vleis en beenmeel gemeng nie, in Engels bekend as “meat and bone meal (MBM)”. Soos bloedmeel is vleismeel 'n hoë bron van stikstof (N). Beenmeel is weer 'n hoë bron van fosfaat (P). Fosfaat help met die selontwikkeling van die plant. Fosfaat bevorder dus die vrugbaarheid van plante en verhaas ook die rypwordingstadium van vrugte. Fosfate se ander belangrike eienskap is dat dit wortelontwikkeling bevorder wat natuurlik baie belangrik is vir die kweek van gesonde bonsai. Fosfaat gee 'n plant ook weerstand teen siektes. Saam is hulle 'n relatiewe gebalanseerde en vinnigwerkende voedingsbron. **Francois van As**

Briewebus / Vra is Vry

So ietsie wat onvang is van **Jakkie Greyling** oor haar ervaring van Japan gedurende die wêreldkonvensie:



“Die eerste wat my opgeval het was hoe skoon die land is. Maak nie saak waar jy gaan nie, dis skoon en volop blomme - Veral Azaleas.



Dan die trein. Die selfoon se klank moet af. Jy moet sag praat en mag nie eet of drink nie. Maak nie saak waarheen jy ry nie, dis skoon in die trein. Elke 5 minute is daar 'n trein. Toe ons Mnr Suzuki gaan besoek het, het ons op die sneltrein gery teen 230km per uur. Stop by geen klein tussenstasies nie, net die groot stasies. Wat 'n belewenis! Dit was 'stunning'. Almal hardloop vir 'n plek op die trein want dit is rustyd. Almal slaap of speel 'games' op hul selfone.



Net soos die berg Fuji, Bonsai en Azaleas tradisies in Japan is, is ook die swart pakke kler wat die mans en dames werk toe dra. Baie opvallend. Hulle ry nog steeds fiets. Die wat in die dorp bly, ry stasie toe, gaan doen inkopies en vat die kinders skool toe met fietse. Tot hul troeteldiere word saamgery op die fietse.

Die mense is baie hardwerkend en trots op hul werk. Die straatveërs dra pienk 'overalls'. In die strate is geen papiere, dalk 'n blaar of twee. Hulle is nie skaam om dit wat jy ook al koop in sakkies te sit en dan hierdie sakkies in nog 'n groter sak waar alles kan inpas nie.

Die strate en tuine se groot bome is soos bonsai's gesnoei. Alles is netjies by die ingange van winkels en huise met bakke vol blomme. Azaleas en die 'Cherry' bloeisels is aan die orde van die dag. Dit word oral geplant. In tuine, as heinings asook op die middel van paaie. Dit is prentjiemooi. Dan die Cherry bloeisels, ongelooflik mooi in die strate. Jy loop onder 'n krans van

bloeisels in die strate. Japan is mooi skoon en 'n belewenis.



Vervolg op bl 4

Briewebus / Vra is Vry

In die buitewyke of platteland, is dit net so skoon en netjies. Dit lyk of die stadsbewoners of dalk boere klein lappies grond in die buitewyke besit. Klein huisies by 'n lappie grond, of dit nou ryslande, groente, bome of wat ook al is. Dis netjies beplan en word goed bewerk. Dis 'n belewenis, 'n droom wat waar geword het.

Daar is nie vlieë nie en ook nie voëltjies nie. Ons het Kraaie en Ooievaars gesien naby die dieretuin. Op die stasie word voëlgeluide gespeel. Die toilet se sitplek word verhit en in die publieke toilette word lopende water gespeel om vinniger te piepie. Ag alles was 'n wonderlike ondervinding.



Ons het Kimura gaan besoek. Sy bome is pragtig en groot. Die 'Maples' se basis is massief, dit pas amper nie by die stam nie. Die groep aanplantings op rots is baie mooi en anders as die groot Denne wat hy ge-



bruik. Van sy bome staan op kratte.

Dan meneer Suzuki. Wat 'n aangename mens. Hy het vir ons buite in die straat staan en wag om ons te verwelkom. Hy was baie bly om die groep Suid-Afrikaners te ontmoet. Sy tuin is netjies en alles op sy plek. Die area rondom die bome en langs die paadjies is mooi gevee soos net 'n Japanese tuin kan lyk. Sy bome is netjies, elke boom het 'n duidelike driehoek. Die lae is netjies. Die boom, stam en loof is in verhouding. Sy bome is 'n lus vir die oog. Mnr Suzuki is 'n besondere mens. Hy het ons middagete betaal, 'n tradisionele Japanese ete. Rou vis, groen tee en soja sop.



As ek mag of kan 'n vergelyking of keuse tussen Kimura en Suzuki maak, verkies ek Suzuki veral omdat hy so besonder netjies in en om sy tuin is. Sy bome kry die beste aandag en versorging. Kimura het nie die netheid van Suzuki nie. Kimura is een van die groot name maar vir my was hy 'n bietjie teleurstellend. By Suzuki is alles georden, netjies en sy bonsai weerspieël sy trots en versorging.

Jakkie Greyling

TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKEL BOME

Onder links: By die vergadering van 2 Junie 2016 het Rohann die Koraalboom gewys. Hy het die boom in 2004 as 'n kwekery boompie in 'n swart sakkie gekoop. Die boom was vir 'n tyd in die tuin geplant, toe in 'n groter groeibak en in Junie 2016 in die bak soos op die foto. Rohann het genoem dat die boom nog nooit geblom het nie. Daar was 'n lekker bespreking oor wat se tipe pot by die boom sal pas.

By die vergadering van 29 April 2017, wat ook die BRAT-dag was, het Rohann sy boom uitgestal, en wel in 'n bonsaibak, foto regs onder. Die boom het nie die katogorie waarin hy was gewen nie, maar moes baie naby gekom het.



Do you see the tree that was blown over by the wind?

Or do you see the angel?

The photo was submitted by **Mariaan Erwee**.



Meeting of 29 April 2017

Die vergadering was ook die BRAT-vergadering. Dit was weereens suksesvol, aangenaam en leersaam.

Eerstens was Pieter du Plessie aan die woord met 'n praatjie oor *Wortelontwikkeling by bonsai*, en spesifiek die Akasia en Witstinkhout. Pieter het oor 'n klompie jare eksperimente (navorsing) gedoen en sy kennis wat hy opgedoen het met ons gedeel. Hy het 'n aanbieding, wat hom ure moes neem om saam te stel, vir ons gewys en daarmee saam van al sy ondervindings vertel. In Pieter se aanbieding is 126 foto's gebruik.

Dit is egter onmoontlik om al die foto's met hierdie verslag te gebruik en is daar slegs sommige uitgekies. Die vertellings van Pieter was ook so breedvoerig en word slegs hier en daar weergegee (die wat ek onthou want ek het nie goeie notas geneem nie). Pieter het ook baie dinge op die skerm gedemonstreer, soos om te wys waar hy snoei, wat dus nie hier gewys kan word nie (Sien hoekom jy self na die vergadering moet kom...).



Root Development

Functions of roots

- Anchor tree in the soil
- Absorb nutrients from the soil

Surface roots (Nebari) reveal the age of a tree.

On the next page are examples in nature of trees with surface roots.

Meeting of 29 April 2017



Meeting of 29 April 2017

Nebari in bonsai goes hand in hand with the tapering of the trunk.



Application on bonsai:

A bonsai needs a shallow root system to fit into the pot.

Nebari enhances the impression of age.

Meeting of 29 April 2017

Root development for Acacia

Pieter has developed most of his trees which he experiments on, from seed. Because the seed has a very hard shell, he scrapes the seed on sand paper to remove the outer shell. The seed can then absorb water and germinate.



Meeting of 29 April 2017

The main problem with Acacia is that the stem has reverse taper just above the roots. Pieter experimented with four techniques to solve this problem. They are mentioned in short below.

Technique 1

- Cut the taproot of the seedling
- Retain lateral roots

Pieter said that if the seedling has grown a little with some lateral roots he removes the seedling from the soil and cut the taproot below some of the lateral roots. He plants the seedling which then develop stronger lateral roots because there is no tap root.. Sometimes the tree develop one dominate lateral root which acts as a tap root. This root is later also removed.




Above left a seedling before the tap root was removed and right how the lateral roots have developed. Notice the one dominant lateral root.

Technique 2

- Amputate the tap root

After a season or two, Pieter removes the seedling and places the taproot, with some lateral roots, through a washer. Some lateral roots must be above the washer if possible. The seedling is then planted like that. The tree grows and the tap root grows thicker than the hole of the washer. The tap root is eventually amputated naturally below the washer. The lateral roots above the washer becomes dominant when all the roots below the washer dies.

Meeting of 29 April 2017



Above are two examples of technique 2. **Left** the washer around the tap root. **Middle** how the lateral roots developed above the washer and **right** the amputated tap root.

Below is a tree that was developed with technique 2. On the right can be seen how the trunk has developed without reverse taper.




Meeting of 29 April 2017

Below is an example where the washer can still be seen. The amputated portion has fallen off. Pieter often applies wire on the roots to place them more horizontally to create good Nebari in future.



Below is an example of a tree which stem has developed too much for a normal washer. Pieter has developed a split washer where he uses two washers as can be seen.



Meeting of 29 April 2017

Technique 4

- Amputate the tap root of the seedling.

This technique is much like technique 2 but is applied when the seedling is very small or has just germinated. Pieter places the tap root of the seedling through the washer hole or a hole that he drilled in a piece of Perspex. The tap root amputates in the same manner as technique 2. Lateral roots develop above the washer or Perspex. There is no reverse taper.



Meeting of 29 April 2017

Celtis:

Celtis Africana

Celtis sinensis

Celtis australis

Celtis bastardiensis = hybrid africana x sinensis

Where the Acacia has a problem with reverse taper and too few lateral roots, the Celtis has a mass of lateral roots and few strong lateral roots to make a good Nebari.

See some examples of challenging roots:



Meeting of 29 April 2017

Celtis very quickly develops a lot of fine roots.

Technique 1: Pieter amputates the tap root with a washer, the same way he does with the Acacia.

Below left to right: The washer can be seen, tree planted in the ground (Pieter will spread the roots evenly). The tree is lifted after a season (notice how evenly the roots are spread around the trunk). The tree is planted in a bonsai container and the good Nebari that was achieved with this method.



Technique 2: Grow a seedling in a small container. When it is strong, take out and simply cut the taproot off. There should be enough fine lateral roots.

See examples on next page:

Meeting of 29 April 2017

Example 1:

From left to right: The seedling in a small container; The tap root cut and some lateral roots thinned; The growth of fine roots after a season or two; The roots thinned out again. It is now re-planted and the roots left will form good Nebari.



Example 2:

From left to right: The seedling with tangled roots; The tap root cut and some lateral roots thinned; The seedling is planted on a tile in a growing container with the roots spread evenly.



Meeting of 29 April 2017

Example 2 continues:

From left to right: The seedling in the container; The roots after a season or two; The roots are thinned again, and the seedling planted on the tile; The good Nebari forming.



Meeting of 29 April 2017

Example 3:

From left to right: The seedling in the container; The roots after a season or two; Pieter planted this tree in the garden and after a season or two he washes away the soil to expose the roots. Some roots cross and are removed. The Nebari looks very promising.



Pieter showed more examples but due to space they are not published.

Pieter Loubser and Tommy Ramiah also presented talks. Hopefully their talks will be published in future editions as there is no space in this edition.

Ongewone Bonsaibakke – deur Dr Pieter Loubser.


ONGEWONE BONSAIBAKKE

Ek het lui geraak en wou net fotos wys, maar toe vang my eie luiheid die baas. Toe ek net voorbeelde van vreemde bonsaibakke wou wys, beland ek in 'n verstommende wêreld van skepping en ongewone denke.

Die ontwerp van bonsaibakke is ter sprake (nie net vir hierdie skrywe nie) en dan moet ons vra waarom ons nie nuut kan dink nie. Hoekom die afgesaagde, goeie, oue, slaafs navolg? Wat van nuwe idees, opinies en uitdrukkings?

John Hockenberry sê dat “*ontwerp is die moed en briljantheid om die oorspronklike toe te maak en dit dan anders aan te bied*”.

Hieronder is 'n redelik eenvoudige verandering aan die klassieke bonsaibak, bloot as 'n stimulering tot bietjie anders dink.



Maar as jy nog verder van die tradisionele wil beweeg, wys ek die volgende een.

Vervolg op bl 20

Ongewone Bonsaibakke – deur Dr Pieter Loubser



En dan kom die stimulerende waarneming van Mehmet Murat Ildan te pas: *”Ongewone deure neem jou dikwels na ongewone wêrelde”*.

Bo-op en nie binne-in nie! Ek weet nie hoe jy so-iets aan die lewe hou nie, maar die komposisie hieronder vra ander denke oor aanbieding. Weer stel Mehmet Murat Ildian *“die denke benodig die ongewone want die ongewone het die krag om die denke te skud”*.



Die bonsaibak wat my geprikkel het om oor bakke te dink, sal sensitiewe persone ontstel en ek gaan nie hierdie ou stuk Japanese kuns wys nie. Gaan soek maar by BonsaiBark want dit sou by ons sensors vasgehaak het.

Vervolg op bl 21

Ongewone Bonsaibakke – deur Dr Pieter Loubser



Die keramiekhouer hierbo is vermoedelik deur Eric Krizovensky (of minstens die den daarin). En gepraat van gate - in die kant is die volgende een van Victor Harris dalk 'n probleem met watertoediening.



Vervolg op bl 22

Ongewone Bonsaibakke – deur Dr Pieter Loubser

Miskien sê hierdie bak met die den daarin soos John Davis:”*Julle mag miskien lag vir my omdat ek anders is, maar ek lag vir julle omdat julle almal gewoon is*”.

Deepak Chopra beweer “*elk van ons is ‘n unieke draad in die ingewikkelde web van die lewe en hier om ‘n bydrae te maak*”. En hieronder is twee van Nick Lenz se skeppings om dit te illustreer.



Ek kan baie foto’s wys, maar miskien is dit net tyd vir hierdie klompie. Ek is mos lui.

Ek eindig met die aanhaling van Bobbe Sommer wat sê dat “*om ‘n lae opinie van jouself te hê nie nederigheid is nie. Dis selfvernietiging. Om jou uniekheid van hoë waarde te ag, is nie egotisme nie. Dis ‘n nodige voorvereiste vir geluk en sukses*”.

Groete,

Pieter Loubser

NS. Ek werk aan ‘n stuk oor bonsaiwoude, maar dit neem tyd.

Vergadering van 3 Junie 2017

Een vergadering per jaar behels dat ons na 'n lid se huis gaan. Hierdie jaar was dit die huis van Jakkie Greyling op haar en haar man Awie se plot net buite Brits. Ons het heerlijk gekuier in hulle pragtuin en natuurlik lekker gebraaai. Ons het ook 'n bietjie aan 'n paar bome gewerk.



Jakkie het 'n klomp van haar bome met bak en al in haar tuin geplant. Die wortels groei deur die pot se dreineringsgate en die stamme verdik vinniger as wanneer hulle net in die pot is.



Vergadering van 3 Junie 2017

Daar was so 'n paar bome bespreek asook wat daarmee gedoen kan word. Toe moes ons braai en heerlik eet aan Jakkie se pap en sous. Dankie Jakkie vir 'n baie lekker dag by julle en vir julle gasvryheid.



Nou wat kyk julle?

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus?

Hierdie twee maande verteenwoordig middel- en laat-winter. Dit impliseer dat ons boompies hulle nog in 'n dormante stadium bevind. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Moet verkieslik nie na sononder natmaak nie. Geen bemesting word nou gegee nie. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël. Dit is nou die tyd om jou boompies te evalueer en aantekeninge te maak van wat jy met elke boompie beplan wanneer die groeiseisoen aanbreek. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Gebruik ook hierdie tyd om jou gereedskap skoon te maak en te olie, maak leë potte skoon, berei jou grondmengsel voor en lees 'n paar bonsai boeke en tydskrifte.



Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Julie	20	5	10	1	0-5mm
Augustus	22	8	10	2	0-5mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Francois van As

Some bonsai experts clean the trunks of their bonsai in the spring. Take an old toothbrush (or borrow your spouse's toothbrush), dip it in a mild soap solution and gently scrub the trunks of your smooth barked trees. You will remove dirt, bugs, fungi, and moss and at the same time stimulate the tree.

Snippets

OUR ENVIRONMENT

Spring Cleaning

If you are going to be doing some spring cleaning, take a look around your house for items that present environmental hazards when they are improperly disposed of. Leftover household products that contain corrosive, toxic, ignitable, or reactive ingredients are considered to be "household hazardous waste" or "HHW." Products, such as paints, cleaners, oils, batteries, and pesticides, that contain potentially hazardous ingredients require special care when you dispose of them.



Inspiration from nature



This Wild fig, most probably a Natalensis, stands at a shopping mall in Kenton-on-Sea in the Eastern Cape. It is very typical of a fig style as described by the late Charles Ceronio in his book "Bonsai Styles of the World". Compare the resemblance to the sketch on the right done by Charles.

